Mediaverklaring

GDO-toelatingsproses: Vrae oor aanlyn stelsel

2021/09/09

Fase 2 van die Gautengse Departement van Onderwys (GDO) se aanlyn toelatingproses open Maandag, 13 September om 8:00 vir Graad 1- en Graad 8-leerders (wat nie tydens Fase 1 kon aansoek doen nie). Volgens die GDO is daar tydens Fase 1 'n totaal van 351 169 aansoeke ontvang. Die SOS bevraagteken dié syfers.

"Met inagneming van 2015 se Gr. 1-getalle en die aantal leerders wat in 2020 matriek geskryf het, behoort daar ongeveer 140 000 Gr. 8-leerders in 2022 in Gautengse openbare skole te wees. Hoe is dit dus moontlik dat die GDO reeds meer as dubbel soveel aansoeke deur hul aanlyn stelsel ontvang het? Die stelsel is veronderstel om duplisering uit te skakel op grond van leerders se ID-nommers," sê Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling by die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS).

Die SOS het ook ernstige vrae oor die funksionaliteit van die aanlyn stelsel. Tydens Fase 1 kon slegs Gr. 7-leerders in openbare skole by hoërskole aansoek doen vir toelating. Baie van hierdie leerders se aansoeke is verhinder deur foute op die aanlyn stelsel. So byvoorbeeld, kon een hele laerskool se Gr. 7's nie op die stelsel aansoek doen nie, omdat ALMAL se ID-nommers verkeerd was.

Ander aansoekers is verhinder om by 'n spesifieke skool aansoek te doen, omdat daardie skool kwansuis reeds vol is. Skole self kan nie onvolledige aansoeke afwys of op waglyste plaas wat nie strook met die skool se taal van onderrig nie. Daar word ook van skole verwag om honderde aansoeke uit te druk, per hand te verifieer en dan weer in die stelsel in te lees, al het hulle nie meer kapasiteit om hierdie leerders te akkommodeer nie. Leerders kan dus nie na hulle tweede of derde keuse van skool verwys word nie.

Die SOS adviseer ouers en voogde om so gou moontlik aansoek te doen by hul voorkeurskole, sodra Fase 2 van die aansoeke Maandag open.

"Dit is uiters belangrik vir ouers om so gou moontlik die nodige dokumente fisies by die skool te gaan ingee en om seker te maak hul gekose skool het die korrekte inligting om die aansoek op te volg. Fase 1 het reeds bewys dat daar baie gebreke in die stelsel is. Die aansoekproses het boonop vanjaar baie laat begin en ouers het slegs tot 8 Oktober om aanlyn aansoek te doen, " sê Buys.

Vir alle medianavrae:

SKOLE
ondersteuningsentrum

SARINA PRINSLOO
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za